



## Teksvers



*“Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ‘n slawejuk laat indwing nie.”*

**Galasiërs 5:1**

dat ons vryheid sal geniet. In hierdie studie wil ons daardie vryheid ‘n bietjie verken: wat beteken dit? Kan ‘n mens onder die illusie van vryheid verkeer, maar steeds gebind of gevange wees op een-of-ander wyse?

## Fokus

Vryheid is ‘n sterk tema regdeur die Bybel. Van die Israëliete se slawerny in Egipteland tot by die intog in die Beloofde land. Van die stryd teen die Filistyne tot by die Ballingskap is vryheid ‘n deurlopende tema. Jesus het dikwels verwys na die Fariseers wat swaar laste op mense plaas deur middel van al hulle wette en dan verklaar Hy onomwonde: “Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.” (Joh 8:36).

Beide bogenoemde teks sowel as ons memoriseerteks maak dit duidelik dat dit die Here se wil en wens is

## Leerplan

- Maandag** - Memoriseer hierdie teksvers, en dink na oor die eerste 5 woorde. Dink na oor wanneer, waar en hoe het dit vir jou gebeur? Het jy ‘n dag en datum of het dit gelydelik gebeur? Dank die Here dat Hy jou kom vrymaak het.
- Dinsdag** - Memoriseer die teks, en dink vandag na oor die tweede stel van 5 woorde. Is jy “werklik vry”? Is jy vry van satan se beskuldigings? Is jy vry van jou sondige natuur? Is jy vry van die verslawing van mense se opinies? Waarvan sou jy nog vry wou wees?
- Woensdag** - Memoriseer die teks. Dink vandag na oor die tweede sin in die teks. Hoe verstaan jy hierdie opdrag? Hoe “staan jy dan vas in hierdie vryheid?” Het jy goeie gewoontes of persone wat jou hierin kan bystaan?
- Donderdag** - Memoriseer die teks en lys vandag al die wonderlike maniere hoe Christus jou bevry het van slegte gewoontes, van slegte persone, van slegte situasies, ens.
- Vrydag tot Sondag** - Gal 5 vers 13 neem ons vryheid een stap verder: ons is geroep om “mekaar te dien in liefde.” Soek ‘n geleentheid waar jy jou vryheid om iemand anders kan dien in liefde, kan toepas. (Dalk met ‘n daad van omgee, of ‘n oproep, of so)

## Vrae vir bespreking



1. Dink aan situasies wat mense van hul vryheid beroof sodat hulle op een-of-ander manier as slawe behandel word (Bv kinder-arbeid). Bespreek sodanige situasies en hoe jy sou voel as jy daarin vasgevang moes wees.
2. Dink aan die lewe van ‘n volslae alkoholis. Bespreek hoe dit moet wees wanneer iets soos alkohol jou gedrag beheer en reguleer. Hoe sal dit jou finansies impakteer, en jou verhoudings? Hoe dink jy, loop so persoon se gedagtegang?
3. Bly in die gedagtegang van bogenoemde vraag, maar plaas jouself in die skoene van daardie alkoholis, maar ipv alkohol plaas jy jou eie swakheid: dalk is dit wellus, of leuens, of humeur. Voel die skuld wat met dit saam kom wanneer jy die mense rondom jou seermaak. Voel die magteloosheid van jou kompulsiewe gedrag, en die las op jou gewete.
4. Jesus het ons kom vrymaak van die houvas van die bose. Hy maak ons vry van die tirannie van ons sondige natuur. Wat sal jy vir iemand antwoord wat sê: “Die duiwel het my dit laat doen?”
5. Jesus maak ons ook vry van die idee dat ons saligheid van onself afhang. Bespreek die verskil tussen ‘n slaaf-baas verhouding en ‘n kind-Vader verhouding. Lys 5 redes tot dank vir Gal 5:1.